

PARKE-GEMEENTE : KATEGESE 2020

VOORSKOOLS TOT GRAAD 6

Liewe Ouer/s

'n Baie voorspoedige en geseënde 2020 word u toegewens. Ons is baie opgewonde oor 2020 se kategeese. Die jeug kry groot klem in ons gemeente, en ons doen veral moeite met die soeke na nuwe en opwindende lesmateriaal vir die kategeese. Dis belangrik om te beseef dat dit gaan oor geloofsvorming in die kategeese en nie net die oordra van kopkennis nie. Daarom is ons ook opgewonde om saam met u in 'n span u kind se geloofspad aan te pak.

Dankie vir u samewerking en positiewe gesindheid. Bid net asb. vir u kind - hy/sy het dit so nodig! Indien u enige sake wil bespreek, is u welkom om my of u kind se kategeet te kontak.

❖ **Handboeke:**

Kinders het werkboeke nodig om hulle te help om die Bybel beter te verstaan. Ons versoek u vriendelik om dit so gou moontlik te koop (binne die volgende twee weke), anders kan u kind agter raak in die klas met die lesse wat behandel word. Die koste van die handboeke is as volg:

Gr 1- 3 = R40.00

Gr 4-6 = R60.00

Die werkboeke is by elke klas se kategeet te koop. Plaas die korrekte bedrag in 'n geseëde koevert met u kind se naam daarop. Indien u 'n kwitansie vereis vir die werkboek skryf dan die bewoording "kwitansie asb" op die koevert. Sodra u kind die geld gebring het, sal hy/sy 'n werkboek ontvang en 'n kwitansie, indien so versoek.

❖ **Teenwoordigheid:**

Dit is belangrik dat kinders gereeld die kategeese sal bywoon. Kategeese word juis so ingerig dat die **ontmoeting** die belangrikste is en nie die huiswerk nie. 'n Kategeese jaarpunt word aan kinders toegeken vir kategeesebywoning, kerkbywoning, voorbereiding en meelewing in die klas. Indien dit gebeur dat u kind vanweë onvermydelike omstandighede nie die klas kan bywoon nie, moet u asb 'n brief van verskoning aanbied. U kan selfs 'n e-pos stuur na babsvanwyk@telkomsa.net. Kyk asb. op die kerk- en kategeeseprogram vir kategeese afnaweke, indien u vir die naweek wil weggaan.

❖ **Erediensbywoning:**

'n Gesin wat geestelik groei, woon gereeld die eredienste by. Dit is belangrik dat ouers en kinders die eredienste bywoon. Ons het in die skoolkwartale 2 eredienste op 'n Sondag, nl. 09:00 en 19:00. Dit is vir u kind belangrik om saam met u in die kerk te kom! Neem asb kennis van die nuwe tydgleuwe vir ons junior- en seniorkategeese.

❖ **Inligtingvorms:**

As u 'n Inligtingvorm ontvang vra ons dat u al die nodige besonderhede sal invul en so spoedig moontlik terugstuur na die Kategeese. So kan ons u en u kind altyd effektief bedien. Dankie vir u samewerking.

Kategeese indeling vir 2020:

Kinders word volgens hul ouderdom ingedeel. (Bespreek asb. uitsonderinge met Babs van Wyk)

Met die Juniorkategeese (voorskoools tot graad 3) en die Seniorkategeese (graad 4 tot 6) word die **Paidion Kinderbediening**model gebruik. Elke kind is uniek en word op sy ontwikkelingsvlak bedien. Hierdie bediening aan die kind is Godgesentreerd, kind-gerig, verhouding-gebaseerd, opvoedkundig en onderrigend, integrerend en kreatief.

2 – 3 jariges: Peuters vergader tydens die **09:00** erediens in **Lokaal 3** in die gang. Peuters ontvang Woordbediening en word in 'n liefdevolle omgewing begelei tot 'n persoonlike en groeiende verhouding met die Here. Hierdie is nie 'n "besighou"-uurtjie nie. Die peuters is aktief betrokke met elke aktiwiteit en word dus op sy/haar ontwikkelingsvlak bedien. Dit is baie belangrik dat peuters deur ouers na die lokaal vergesel word en ook aan die einde van die erediens gehaal word. Hierdie groep **verdaag** dus **10:00**.

4 – 6 jariges: Hierdie ouderdomsgroep vergader tydens die **09:00** erediens in **Lokaal 2** in die gang. Hier ontvang hulle Woordbediening, neem deel aan lofprijsing en doen vasleggingsaktiwiteite. Kinders kan alreeds 15 minute vroeër opdaag aangesien daar geleentheid is vir speel en sosialisering. Dit is baie belangrik dat kinders deur ouers na die lokaal vergesel word en ook aan die einde van die erediens gehaal word. Hierdie groep **verdaag** om **10:00**.

Grade 1, 2 en 3: Hierdie kinders vergader tydens die **09:00** erediens in die **Jeuglokaal**. Kinders kan alreeds 15 min vroeër opdaag aangesien daar geleentheid is vir sosialisering en verhoudingsbou. Hier word die kinders bedien met die Woord, lofprijsing en aanbidding waarna hulle in hul verskeie graadgroepe verdeel. Hier word die Woord bespreek en kernwaardes vasgelê. U ontvang saam met hierdie brief 'n program van hierdie graadgroepe se lesaktiwiteite en werksaamhede vir die jaar. Hierdie graadgroepe **verdaag** ook om **10:00**.

Grade 4, 5 en 6: Hierdie graadgroepe vergader elke Sondag om **10:15** in die **Jeuglokaal**. Hier word ook geleentheid gegee vir sosialisering en verhoudingsbou. Kinders in hierdie ouderdomsgroep wil nou al hoe meer weet wat die leerstellige en etiese kwessies agter die Bybelverhaal is. Hulle wil redeneer en debatteer daaroor. Daarom word hierdie ouderdomsgroep ook met die Woord bedien deur middel van tematiese gesprekke. 'n Jaarprogram word saam met hierdie brief aan u gestuur met die beplanning en werksaamhede van hierdie graadgroepe. **Klasse verdaag om 11:15**.

Let asb op na die uitreikgeleenthede vir grade 4 tot 6. Aangesien die graadgroepe te groot is om almal gelyk te hanteer met uitreike, gaan elke graad dus afsonderlik op uitreike. Terwyl 'n spesifieke graad op die betrokke Sondag (soos aangedui op die kerkkalender) op 'n uitreikgeleentheid is, sal daar nog steeds normale kategese wees vir die ander grade in die graadgroep.

Ons hoop dat hierdie jaar 'n baie geseënde jaar sal wees en dat u en u gesin geestelik sal groei en nader aan die Here sal kom!

Leraars en Kategete

Vir navrae kontak:

Babs van Wyk

021 988 5787(huis)

083 207 6193 (sel)

babsvanwyk@telkomsa.net